

KLIK OP DIE SKAKEL OM BY DIE BERIG UIT TE KOM

INHOUDSOPGAWE

1. SUSTERSHULPPDIENS
2. BESTUUR
3. **DIE OMGEE-PROJEKTE 2015**
4. **NUUS VAN DIE SUSTERS 1 MEI 2015**
5. NUUS VAN DIE SUSTERS JULIE 2014
6. NUUS VAN DIE SUSTERS MAART 2014
7. NUUS VAN DIE SUSTERS NOV 2013
8. NUUS VAN DIE SUSTERS JULIE 2013
9. NUUS VAN DIE SUSTERS FEBRUARIE 2013
10. FOTO'S VAN SUSTERS BEDRYWIG TYDENS 'N KERMIS

SUSTERSHULPPDIENS (UIT: OMGEEBOEKIE 2015)

Elke suster van die Gemeente is outomaties lid, ongeag haar ouderdom, vermoëns en talente of besige program.

Hulle voorsien verversings by verskeie jaarlikse geleenthede, bv verjaarsdae of herdenkings-geleenthede en voorsien verder broodjies, sop, koffie, tee en vrugtesap met begrafnisse. Jaarliks onthaal hulle ook die senior lidmate van die Gemeente. Tydens die Kermis verskaf en verkoop hulle die etes en ander verversings.

Van elke suster in die Gemeente vra die sustersvereniging 'n bydrae van minstens R10 per maand of R120 per jaar. Op 8 Maart 2014 het hulle die jaarlikse Sustersaantrek van Klassis Suid-Vrystaat en Gemeentes van Oos-Kaap met groot sukses hier aangebied.

Die Pres Kruger Kinderhuis op Reddersburg lê die susters baie na aan die hart. Daar word jaarliks projekte geloods om hulle te ondersteun en bydraes in die vorm van klere, sportbenodigdhede, ens in die kas in die saal te plaas sodat dit dan van tyd tot tyd aan hulle afgedra kan word.

Die **bestuur** (2015) bestaan tans uit ses susters.

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

<u>Voorsitter:</u>	Ester Botha
<u>O/voorsitter:</u>	Lizelle van der Walt
<u>Sekretaresse</u>	Rina-Maria Schepers
<u>Tesourier</u>	Corlia van Heerden
<u>Addisionele lede</u>	Isabel Vorster
	Alida Woityczka

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

DIE OMGEE-PROJEKTE 2015

Lidmate moet onthou dat daar **Omgee-projekte** identifiseer is. Skryf u naam op die helderkleurige vorms van elke groep indien u in een of ander hoedanigheid behulpsaam wil wees.

Menswaardigheid-projek olv Marsha Bronkhorst 082 908 2247. ORANJE vorm. Hier word hoofsaaklik kontant benodig.

Biblioteek-projek olv Rina-Maria Schepers 079 186 1358. GEEL vorm. Storieboeke, tydskrifte, boekrakke ens word benodig vir dié biblioteek wat by Bayswater Nasorgsentrum ingerig word.

Versorging van kinders-projek Cora Viljoen 051 436 5957. Ook 'n ORANJE vorm. Saam met 'n Maatskaplike werker word agt kinders deur 'n vrywillige ouerpaar versorg. Hulle benodig beddegoed, skoolklere en -skoene.

Tuin-projek olv Kotie Fourie 051 451 1946. GROEN vorm. Die tuin van die nuutste Yadé-huis moet gevestig word. Hande-arbeid, kompos, kunsmis, Clivia's, wit varkore ens word benodig.

Torings van Hoop-projek olv Ester Botha. 072 784 9451. BLOU vorm. Lidmate wat graag 'n besoek wil bring, moet hul name aanteken.

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

Nuus van die Susters 1 Mei 2015

Al die susters van die Gemeente behoort outomaties aan die *Sustershulpdienst* soos dit in die volksmond bekend staan. Hulle benodig fondse vir verskeie projekte en hulp wat hulle verleen en daarvoor vra hulle 'n nominale bedrag van R10 per maand of R120 per jaar. Hulle wil vanjaar die kombuis se voorraad bietjie aanvul of ou uitgediende apparaat vervang. Susters kan dit sommer direk in hul rekening inbetaal met u naam as verwysing. Die beson-derhede is Absabank takkode 632005 en die rekeningnr is (kry by kantoor). Baie dankie aan al die susters wat reeds hul bydraes gegee het!

Bloemfontein-Suidheuwels

Die Sustersbestuur het 'n e-pos van Bfn-Suidheuwels ontvang waarin hulle ons susters se hulp vra met goeie gebruikte klere en skoene vir twee tot sesjarige kinders. Daar is heelwat behoeftige lidmate in hul Gemeente en dit is veral by die kinders waar die nood baie hoog is en klerasie benodig. In die voorportaal is 'n houer waarin sodanige artikels geplaas kan word. Merk duidelik dat dit vir Suidheuwels bedoel is

Botshabelo

Die Sustersbestuur van GK Botshabelo wil vanjaar op 6 Junie hul twintigtal bejaarde lidmate bo 70 jaar onthaal en vir hulle elkeen 'n kosgeskenk-pakkie gee. Hulle fondse is maar min en daarom rig ons Sustersbestuur hierdie dringende versoek dat as daar dalk susters is wat bereid is om iets by te dra in die vorm van blikkieskos en nie-bederfbare voedsel, hulle dit ook in die voorportaal kan afdra. Baie dankie vir almal se gesindheid!

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

NUUS VAN DIE SUSTERS JULIE 2014

ONS SUSTERS GAAN HULP VERLEEN IN GK BOTSHABELO-WES

Die susters van Botshabelo-Wes gaan later vanjaar 'n Sustersaam-trek vir hul Streek aanbied. Ons Gemeente se susters gaan hulle daarmee help soos met sommige etes en verder gaan daar aan elkeen 'n geskenksak gegee word met verskillende items soos 'n koekie seep en 'n waslap. Sr Ester het ons susters vriendelik gevra om hiermee behulpsaam te wees. Bring die seep en waslap kerk toe en plaas dit in die houer wat op die tafel in die voorportaal is, sodat die Sustersbestuur die sakke gereed kan kry. Baie dankie!

NUUS VAN DIE SUSTERS MAART 2014

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

UITTREKSEL UIT ONS NUUSBRIEF SONDAG 16 MAART 2014

SUSTERSAAMTREK 8 MAART 2014

Daar het sekerlik heelwat dankbetuigings na die Sustersaamtrek ingekom. Een daarvan is na die kerkkantoor gestuur wat ons na sr Ester verwys het. Omdat dit so sprekend is van wat almal ervaar het, gee ons graag enkele uitreksels uit haar skrywe:

“My naam is Tersi Buter en ek wil net graag vir die susters van GK Bloemfontein-Noord baie dankie sê vir 'n wonderlike ervaring met die Sustersaamtrek verlede Saterdag.

“Wat 'n heerlike dag was dit nie! Die verrassings ontvangs deur twee pragtige dogtertjies was briljant en ek glo dit wys dat die Here sy kinders van kleins af in Sy diens kan gebruik! Dit het mens van die begin af so spesiaal laat voel!

“Die sak met allerhande klein geskenkies en inligting asook skryfgoed en leesgoed, water en lekkertjies was so in enige vrou se (skaap)kraal. Dit herinner my aan die tema – ek is 'n moeder-skaap – baie oorspronklik! “Ons het die spreker geweldig geniet – hy was vir ons almal, glo ek, 'n inspirasie om oortreflik te wees in alles wat mens teenoor ander doen.

“Die naamhouertjies met gehekelde blommetjies, die twee heerlike etes en die hartlikheid waarmee alles aangebied is, wil sommer nou trane in my oë bring so 'n heerlike ervaring was dit!

“Dankie aan een en almal – ek is so dankbaar dat ek dit kon beleef – julle is pragtig!”

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

UIT ONS NUUSBRIEF SONDAG 9 MAART 2014

SUSTERSAAMTREK 8 MAART 2014

Die Sustersaamtrek wat gister in ons kerkgebou gehou is, was 'n uitsonderlike sukses! Ongeveer 230 susters van Klassis Suid- Vrystaat het dit bygewoon.

Die susters is met 'n heerlike plaasontbyt in die konsistorie verwelkom, waarna die verrigtinge in die kerkgebou voortgesit is met GP van Rheede van Oudtshoorn as. Hy is van die tandart t Kommunikasiekunde aan die NWU te Potchefstroom en het die susters se volle aandag gehad met sy kwinkslae en waarhede.

Die dag is afgesluit met 'n heerlike middagete wat in die saal bedien is en wat almal baie geniet het. Ons sal DV volgende Sondag meer breedvoerig rapporteer, maar wil graag vandag die Bestuur met sr Ester Botha aan die roer van sake, van harte bedank. Hulle was baie oorspronklik en het baie dinge (tot in die fynste detail!) gedoen wat 'n heerlike atmosfeer geskep het en waar almal gesellig kon saam kuier en saam luister.

Ons noem graag die susters wat saam met sr Ester op die Bestuur dien en wat die leeuendeel gehad het om alles so tan en professioneel te laat verloop: Srs Lizelle van der Walt, Rina-Maria Schepers, Corlia van Heerden, Dornay Janse van Rensburg, Lézell Erasmus. Alida Woityczka en Isabel Vorster.

Hulle het letterlik 'n jaar gelede al beplan en met hulle helpers baie hard gewerk om alles op so 'n hoë tandart gereed te kry. Baie, baie dankie! Ons is trots op julle!

NUUS VAN DIE SUSTERS NOV 2013

BELANGRIKE NUUS VAN DIE SUSTERS (Uit Nuusbrieff van 10 November 2013)

Messegoed vir skinkborde:

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

Die vraag na messe, vurke en lepels wat as handvatsels gaan dien vir die skinkborde wat die Susters tydens die Saamtrek volgende jaar wil gebuik, het heelwat stukke opgelewer, maar dis nog glad nie genoeg nie. Hulle benodig graag nog ongeveer 200 stukke. Onthou dit hoef nie nuwe eetgerei te wees nie – juis daardie onpaar of ongebruikte messegoed. Daar is 'n houer in die voorportaal waarin dit geplaas kan word. Baie dankie!

Verf van skinkborde:

Die skinkborde wat geverf (Modge Podge) gaan word waaroor ons verlede Sondag berig het, sal nou net op Saterdag 30 November plaasvind en nie meer Vrydagaand ook nie. Vir die verwery word hulp benodig, asseblief!! Kom werk en kuier lekker saam in die kerksaal!! Sr Lézell Erasmus (084 400 5283) vra dat diegene wat wil help asseblief 'n kwassie van so 10 – 15 mm en 'n skêr sal saambring en ook 'n potjie Alcoline koue lym as u het. Bel haar of sr Ester Botha (072 784 9451) vir enige verdere navrae.

Piekniek na Kerssangdiens 24 November 2013:

Soos verlede jaar beplan die Sustersbestuur weer 'n piekniek na afloop van die Kerssangdiens op Sondagaand 24 November 2013. Daar sal mettertyd 'n vorm beskikbaar wees waarop diegene wat dit wil meemaak hul name kan aanbring sodat mandjies met eetgoed voorberei kan word.

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

NUUS VAN DIE SUSTERS (Uit Nuusbrieff 3 November 2013)

Dankwoord: Die Sustersbestuur bedank al die susters wat so pragtig reageer het op die oproep om hul geldelike bydraes te maak. Hul fondse het aansienlik gegroei en dit stel hulle in staat om te doen wat gedoen moet word!

Vra hulp: Op 29 & 30 November gaan hulle die skinkborde verf (Modge Podge) en hulp word benodig. Kom werk en kuier lekker saam in die kerksaal!!

Volgende week meer hieroor.

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

NUUS VAN DIE SUSTERS JULIE 2013

NUUS VAN DIE SUSTERS (Uit Nuusbrief 29 Julie 2013)

Die Sustersbestuur sê baie dankie vir die wonderlike opkoms en die positiewe gesindheid verlede Sondag. Baie dankie aan die volgende susters wat as sameroepers vir die groepe gaan optree: Hekelgroep: Henda Smith, Vlaggies: Wilna Pretorius, Teepotjies: Sanja Harvey, Voorskote: Alida Woityczka Enige ander suster wat nog belangstel, moet asseblief met die bogenoemde sameroepers skakel. Verder word die susters herinner aan die windpompe, draadskape en messegoed. In die voorportaal is daar 'n houer om die messegoed in te plaas.

NUUS VAN DIE SUSTERS (Uit Nuusbrief 21 Julie 2013)

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

Susterssaamtrek 2014: Daar word jaarliks (gewoonlik in Maart) in die hele land Susterssaamtrekke gehou waar'n gemeenskaplike tema behandel word. Ons susters tree volgende jaar op as gasvrou vir die Susterssaamtrek van susters in die resort van Klasis Suid-Vrystaat en ook sekere gemeentes in Noord-Kaap. Susters word versoek om na die diens agter te bly sodat reëlings aan die gang kan kom vir die voorbereiding.

NUUS VAN DIE SUSTERS FEBRUARIE 2013

Die volgende berig het in die Nuusbrief van 10 Februarie 2013 verskyn:

Die ongeveer 40 bottels met kleingeld wat die susters van ons Gemeente vir die Sustershulpdiens geskenk het, het die mooi bedrag van R2 862 opgelewer. Die Sustersbestuur by monde van sr Ester Botha bedank graag almal wat daartoe bygedra het. (terloops: in 2010 toe daar met hierdie projek begin is, was die opbrengs net oor die R6 000!) Sr Ester bedank ook almal wat Vrydagaand die geld help tel het en daarna gesellig verder gekuier het!

[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)

FOTO'S VAN SUSTERS BEDRYWIG TYDENS 'N KERMIS



[TERUG NA INHOUDSOPGAWE](#)